Navrae
Enquiries
IMibuzo MNR. W.P. DAMES

Telefoon
Telephone
IFoni 403-6911

Faks
Fax
IFeksi 419-5967

Verwysing
Reference
ISalathiso 6.2.14

PROV ALE ADMINISTRASIE WES-KAAI
**Onderwysdepartement**
PROVINCIAL ADMINISTRATION WESTERN C.
**Education Department**
ULAWULO LWEPHONDO LENTSHONA KOL(
**ISebe leMfundo**

OMSENDBRIEF 0143/99

AAN:

ALLE HOOFDIREKTEURE, DIREKTEURE, ADJUNKDIREKTEURE, AREA- EN KRINGBESTUURDERS EN HOOFDE VAN ALLE ONDERWYSINRIGTINGS

**VERBETERING IN DIENSVOORWAARDES VAN STAATSAMPTENARE VANAF 1 JULIE 1999**

1. Na herhaalde pogings deur die Staat as Werkgewer om in die Staatsdiens Koördinerende Bedingingsraad (SKB) tot 'n vergelyk te kom oor verbeteringe in diensvoorwaardes vir die 1999/2000 finansiële jaar vir personeel wat kragtens die Staatsdienswet, 1994 (soos gewysig) in diens is, het die Regering besluit om die finale salarisaanbod wat by die SKB ter tafel gelê is, te implementeer.

2. Hierdie aanbod maak voorsiening daarvoor dat 'n gedifferensieërde aanpassing tot op salarisvlak 12, asook 'n aanpassing vir personeel op salarisvlakke 13 en 14 wat as professionele personeel geklassifiseer word, met ingang van 1 Julie 1999 geïmplementeer word met betrekking tot alle personeel op die salarissleutelskaal wat vanaf 1 Julie 1998 in werking gestel is.

3. Die aanpassing van die salarisse vir personeel op salarisvlakke 13 tot 16 wat as Senior Bestuurders in die Staatsdiens geklassifiseer is, en wat derhalwe 'n prestasie-ooreenkoms met die Werkgewer aangegaan het, is uitgesluit van die Regering se finale salarisaanbod in die SKB.

**OMVANG VAN TOEPASBAARHEID**

4. Met uitsondering van die personeelgroepe waarna daar in paragraaf 5 verwys word, is die salarisaanpassing in hierdie omsendbrief van toepassing op amptenare en werknemers wat in diens was op die datum van implementering van die aanpassing of wat sedertdien aangestel is, behalwe waar anders aangedui.

5. Die maatreëls wat in hierdie omsendbrief vervat is, is nie van toepassing op onderstaande personeelgroepe nie. Die (moontlike) aanpassing van die salarisse van hierdie personeelgroepe of die implementering van die formules om sulke verbeteringe te akkommodeer, word afsonderlik gehanteer en, besonderhede daarvan sal, waar van toepassing, so spoedig moontlik deur die betrokke owerhede bekend gemaak word:

(a) Personeel van Fabrieke vir Beskutte Arbeid en Werkwinkels vir Blindes

(b) KS-Opvoeders

(c) Personeel wat kragtens die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiedienste, 1995 in diens is.

(d) Personeel van die wetenskaplike rade (WNNR, MINTEK, RGN, MNR. ARC, SABS, FRD en CGS)

(e) Personeel van sekere instellings verbonde aan die Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie

(f) Personeel van die rade vir die uitvoerende kunste

**IMPLEMENTERING**

6. Die Minister vir die Staatsdiens en Administrasie het die inwerkingtreding van die volgende aanpassings met ingang van 1 Julie 1999 goedgekeur.

(a) Die aanpassing van salarisse van alle voltydse personeel wat op salariskerwe op die salarissleutelskaal wat van 1 Julie 1998 geïmplementeer is, tot op salarisvlak 12, asook personeel op salarisvlakke 13 en 14 wat as professionele persone geklassifiseer is volgens die oorskakelingssleutel (translation key) wat as Bylae A aangeheg is.

(b) Die aanpassing van die salarisse van die volgende personeel volgens die oorskakelingssleutel wat as Bylae B aangeheg is:

- Deeltydse personeel wat op 'n 5/8-basis in diens is
- Deeltydse personeel wat op 'n 6/8-basis in diens is

**MAATREëLS WAT NAGEKOM MOET WORD WANNEER PERSONEEL VERPLAAS WORD**

7. Daardie werknemers op persoonlike salarisskale of –kerwe op die salarissleutelskaal wat op 30 Junie 1996 van toepassing was, word die opsie gegee om oorgeskakel te word na die hersiene salarisgraderingstelsel. Bylae C is vir hierdie doel aangeheg.

8. Personeel op 'n persoonlike salarisskaal op die salarissleutelskaal wat op 30 Junie 1996 van toepassing was en vir 'n jaarlikse kerfverhoging op 1 Julie kwalifiseer, maar wat oorgeskakel sal word na die nuwe graderingstelsel, sal nie die jaarlikse kerfverhoging op 1 Julie 1998 ontvang voor oorskakeling na die nuwe graderingstelsel nie.

**ALGEMEEN**

9. Dit is moontlik dat daar foutiewe maatreëls in hierdie omsendbrief kan wees of dat daar foute in die implementering van die maatreëls was. Foute sal herstel word wanneer hulle ontdek word en enige bedrae wat as gevolg van foute oor- of onderbetaal is, sal aangesuiwer word.

10. Die inhoud van hierdie omsendbrief moet onder die aandag van alle personeellede gebring word asseblief.

nvn **HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 1999-12-02.

WES-KAAP ONDERWYSDEPARTEMENT

BYLAE A

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 13 (Professioneel) | 179 919 | 187 113 | 112 452 | 116 943 |
| | 187 407 | 194 901 | 117 132 | 121 812 |
| | 195 234 | 203 043 | 122 022 | 126 900 |
| 14 (Professioneel) | 207 249 | 215 538 | 129 531 | 134 709 |
| | 218 025 | 226 746 | 136 266 | 141 714 |
| | 229 188 | 238 353 | 143 244 | 148 968 |

WES-KAAP ONDERWYSDEPARTEMENT

BYLAE B

| SALARISVLAK | SALARIS-KERWE 1 JULIE 1998 (R.p.j.) | SALARIS-KERWE 1 JULIE 1999 (R.p.j.) | 5/8 SALARIS-KERWE 1 JULIE 1998 (R.p.j.) | 5/8 SALARIS-KERWE 1 JULIE 1999 (R.p.j.) | 6/8 SALARIS-KERWE 1 JULIE 1998 (R.p.j.) | 6/8 SALARIS-KERWE 1 JULIE 1999 (R.p.j.) |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 20 997 | 22 464 | 13 125 | 14 040 | 15 750 | 16 848 |
| | 21 288 | 22 776 | 13 305 | 14 235 | 15 966 | 17 082 |
| | 21 573 | 23 082 | 13 485 | 14 424 | 16 182 | 17 310 |
| | 22 254 | 23 811 | 13 911 | 14 880 | 16 692 | 17 856 |
| 2 | 23 739 | 25 398 | 14 838 | 15 873 | 17 805 | 19 047 |
| | 24 387 | 26 094 | 15 243 | 16 308 | 18 291 | 19 569 |
| | 25 392 | 27 168 | 15 870 | 16 980 | 19 044 | 20 376 |
| | 25 902 | 27 714 | 16191 | 17 319 | 19 428 | 20 784 |
| 3 | 27 444 | 29 172 | 17 154 | 18 231 | 20 583 | 21 879 |
| | 28 647 | 30 450 | 17 907 | 19 029 | 21 486 | 22 836 |
| | 29 913 | 31 797 | 18 696 | 19 872 | 22 437 | 23 847 |
| | 30 594 | 32 520 | 19 122 | 20 325 | 22 947 | 24 390 |
| 4 | 32 511 | 34 557 | 20 322 | 21 597 | 24 384 | 25 917 |
| | 33 639 | 35 757 | 21 027 | 22 347 | 25 230 | 26 817 |
| | 34 830 | 37 023 | 21 771 | 23 139 | 26 124 | 27 765 |
| | 35 310 | 37 533 | 22 071 | 23 457 | 26 484 | 28 149 |
| | 36 477 | 38 775 | 22 800 | 24 234 | 27 360 | 29 079 |
| 5 | 38 460 | 40 881 | 24 039 | 25 548 | 28 845 | 30 660 |
| | 39 912 | 42 426 | 24 945 | 26 514 | 29 934 | 31 818 |
| | 41 439 | 44 049 | 25 902 | 27 528 | 31 080 | 33 036 |
| | 42 111 | 44 763 | 26 322 | 27 975 | 31 584 | 33 570 |
| | 43 605 | 46 350 | 27 255 | 28 968 | 32 706 | 34 761 |
| | 45 096 | 47 937 | 28 185 | 29 958 | 33 822 | 35 952 |

WES-KAAP ONDERWYSDEPARTEMENT

2

| SALARISVLAK | SALARIS-KERWE 1 JULIE 1998 (R.p.j.) | SALARIS-KERWE 1 JULIE 1999 (R.p.j.) | 5/8 SALARIS-KERWE 1 JULIE 1998 (R.p.j.) | 5/8 SALARIS-KERWE 1 JULIE 1999 (R.p.j.) | 6/8 SALARIS-KERWE 1 JULIE 1998 (R.p.j.) | 6/8 SALARIS-KERWE 1 JULIE 1999 (R.p.j.) |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 6 | 47 613 | 50 610 | 29 760 | 31 629 | 35 712 | 37 956 |
| | 50 442 | 53 619 | 31 527 | 33 510 | 37 833 | 40 212 |
| | 53 361 | 56 721 | 33 351 | 35 448 | 40 023 | 42 540 |
| | 55 176 | 58 650 | 34 485 | 36 654 | | |
| 7 | 59 307 | 63 042 | 37 068 | 39 399 | | |
| | 62 244 | 66 165 | 38 904 | 41 352 | | |
| | 65 289 | 69 402 | 40 806 | 43 374 | | |
| | 66 666 | 70 863 | 41 667 | 44 289 | | |
| | 69 642 | 74 028 | 43 527 | 46 266 | | |
| 8 | 74 211 | 78 291 | 46 383 | 48 930 | | |
| | 78 201 | 82 500 | 48 876 | 51 561 | | |
| | 82 305 | 86 829 | 51 441 | 54 267 | | |
| | 84 714 | 89 373 | 52 947 | 55 857 | | |
| 9 | 89 454 | 93 924 | 55 911 | 58 701 | | |
| | 92 781 | 97 419 | 57 990 | 60 885 | | |
| | 96 102 | 100 905 | 60 066 | 63 063 | | |
| | 99 429 | 104 400 | 62 145 | 65 250 | | |
| | 102 753 | 107 889 | 64 221 | 67 428 | | |
| | 104 775 | 119 913 | 65 487 | 68 757 | | |
| | 108 060 | 113 463 | 67 539 | 70 914 | | |
| 10 | 111 654 | 117 234 | 69 786 | 73 269 | | |
| | 116 463 | 122 286 | 72 792 | 76 428 | | |
| | 121 269 | 127 332 | 75 795 | 79 581 | | |
| | 125 715 | 132 000 | 78 573 | 82 500 | | |
| 11 | 130 878 | 136 767 | 81 801 | 85 479 | | |
| | 140 007 | 146 307 | 87 507 | 91 440 | | |
| | 149 145 | 155 856 | 93 216 | 97 410 | | |
| 12 | 158 277 | 164 607 | 98 925 | 102 879 | | |
| | 167 172 | 173 856 | 104 484 | 108 660 | | |
| | 176 121 | 183 165 | 110 076 | 114 477 | | |

**BYLAE C**

**(PERSAL NO. ......................)**

DIREKTEUR-GENERAAL : ...................................................

**VERKLARING MET BETREKKING TOT PERSONEEL WAT TANS OP PERSOONLIKE SALARISSKALE OF VASTE PERSOONLIKE SALARISKERWE IS OP DIE SALARISSLEUTELSKAAL WAT OP 30 JUNIE 1996 VAN TOEPASSING WAS, VIR OORSKAKELING NA DIE SALARISGRADERINGSTELSTEL**

**Let wel**

Hierdie verklaring moet voltooi word met behoorlike inagneming van die Departement van Openbare Dienste en Administrasie se omsendminute 1/2/1/P van 11 Januarie 1999.

Personeel moet óf paragraaf 2 hieronder kies en die paragraaf wat nie van toepassing is nie, deurhaal.

1. Ek, ......................................................................................... (volle naam), ID-nommer ................................, verkies hiermee om oorgeskakel te word na die hersiene salarisgraderingstelsel met ingang van 1 Julie 1999. Ek besef dat hierdie keuse beteken dat ek oorgeskakel sal word na dieselfde salarisreeks of –vlak as ander personeel wat dieselfde rang in dieselfde beroepsklas as ek beklee en wat besoldig word of besoldig was volgens die standaard salarisreeks of –vlak wat gekoppel is aan die betrokke pos of rang, en dat ek op soortgelyke wyse as sulke personeel behandel sal word. Verder doen ek afstand van alle aanspraak wat ek mag hê op jaarlikse kerfverhogings op die persoonlike salarisskaal wat op 30 Junie 1999 op my van toepassing was/of tans van toepassing is.

2. Ek, ......................................................................................... (volle naam), ID-nommer ..................................., verkies hiermee om my persoonlike salarisskaal en verhogingsdatum, indien enige, wat op 30 Junie 1998 op my van toepassing was, te behou. Ek besef dat hierdie keuse beteken dat ek geen salarisaanpassings met ingang van 1 Julie 1998 sal ontvang nie (met uitsondering van 'n jaarlikse kerfverhoging binne die grense van my persoonlike salarisskaal waar die verhogingsdatum 1 Julie is).

Geteken te ...................... op hierdie .............. dag van ................. 19...

______________________
**HANDTEKENING**

**GETUIES:**

______________________

______________________